

## Dit is Volbring!

*Preek: 14/07/2013 Deur: Hans Sparrius*

Dis vanoggend my voorreg om 'n boodskap vir julle te bring, omdat beide pastore van die gemeente vandag afwesig is.

My boodskap gaan oor die laaste woorde van JESUS op die aarde.

'n Sterwende mens se laaste woorde is altyd betekenisvol. Naasbestaandes is altyd gretig om die laaste woorde, die afskeidswoorde, van 'n geliefde, te hoor. Net so is JESUS se laaste woorde vir ons van groot belang, en die moeite werd om baie aandag aan te gee.

Dis natuurlik Sy laaste woorde, terwyl Hy nog in 'n menslike gedaante was. Na JESUS se afsterwe is hy in 'n graf weggelê. Daarna het Hy opgestaan uit die dood. Na die opstanding het JESUS 'n verheerlikte liggaam gehad.

Ons as mense kan die verheerlikte liggaam nie mooi verstaan nie. Ons ken slegs die liggaam van 'n lewende persoon. Die verheerlikte liggaam, soos wat JESUS gehad het na Sy opstanding, kan ons nie verstaan nie. Maar in die verheerlikte vorm, kon Hy deur 'n muur beweeg – bv. toe Hy na die vertrek gegaan het waar Hy Thomas Didimus gespreek het, iets wat vir ons onverstaanbaar is. Nogtans het Hy, in Sy verheerlikte gedaante, saam met die dissipels ge-eet en gedrink, net soos enige mens dit kan doen .

Die Skrifgedeelte wat ek wil gebruik vandag is:

Die Evangelie van die Apostel Johannes,

**Hoofstuk 19, Vers 28:** *“Hierna, omdat Hy ( dit is JESUS ) geweet het dat alles al volbring was— sodat die Skrif vervul sou word—het Jesus gesê: Ek het dors!*

**Vers 29:** *“En daar het 'n kan vol asyn gestaan, en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en dit aan Sy mond gebring.”*

**Vers 30:** *“En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring!”*

Ek vermoed dat Sy stem nie die fluisterende stem van 'n sterwende persoon was nie, maar dat dit weergalm het deur die heuwels om Jerusalem.

*“En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.”*

Tot sover die Skriflesing.

My boodskap gaan oor die woord “volbring”

Die woord “Volbring” kom 61 keer in die Bybel voor.

Dit word altyd gebruik om aan te dui dat 'n taak, of 'n opdrag, voltooi is.

Dis afgehandel.

Dis klaar.

Dis voltooi.

Dis suksesvol afgehandel.

Ek wil drie voorbeelde noem van die gebruik van die woord volbring in die Skrif:

**Voorbeeld 1:** van die gebruik van die woord volbring :

**Luk 2:39:** *“En toe hulle alles volbring het, wat volgens die wet van die Here was, het hulle teruggegaan na Galiléa, na hulle stad Násaret.”*

Hierdie teks verwys na JESUS se eerste besoek aan die tempel in Jerusalem, as 'n baba van enkele dae oud, toe Hy deur Simeon en Anna geseën is. 'n Joodse babaseun word op die 8ste dag besny. Die Mediese wetenskap het navorsing hieroor gedoen en daar is vasgestel dat 'n baba se bloedstolling verbeter, en dat die bloed al hoe makliker stol, totdat dit piek op die 8ste dag, en dan weer oor 'n paar dae daal tot normaal.

So het GOD selfs in hierdie fyn detail voorsien, om te voorkom dat die baba te veel bloei. Maria moes na haar bevalling 'n periode van herstel en reiniging deurgaen, en daarna is hulle na die tempel in Jerusalem om die baba JESUS te laat seën.

Dit gaan dus oor die vereistes van die Wet, waaraan Josef en Maria moes voldoen.

Om te herhaal : Hulle het volbring wat die Wet vereis het van die ouers van 'n jong baba.

**Voorbeeld 2:** van die gebruik van die woord volbring, is, daar waar JESUS in gebed verkeer met Sy Vader, enkele dae voor Sy kruisiging in Jerusalem.

**Joh 17:4:** *“Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.”*

JESUS is na die aarde toe gestuur om 'n taak te voltooi, en hier, enkele dae voor Hy gevange geneem is, bid Hy tot Sy Vader in die hemel en stel Hom in kennis dat die taak afgehandel is, behalwe natuurlik Sy kruisiging en dood, wat enkele dae later sou plaasvind.

**Voorbeeld 3:** van die gebruik van die woord volbring is die teks wat ek aan die begin gelees het in **Joh 18 vers 28**, wat ek weer wil lees:

*“Hierna, omdat Hy ( dit is JESUS ) geweet het dat alles al volbring was—sodat die Skrif vervul sou word—het Jesus gesê: Ek het dors!”*

In reaksie daarop , het die Romeinse soldaat die spons met asyn vir Hom gegee om te drink. Dis interessant om te gaan kyk hoekom die Apostel Johannes daar gesê het : “sodat die Skrif vervul sou word.”

Ons sou hier in plaas van die woord “vervul”, ook die woord volbring kan gebruik: nl. sodat die Skrif volbring, sou word. Om die konteks van hierdie verwysing beter te verstaan, kan ons gaan na Psalm 69, waar die profesie oorspronklik uitgespreek is.

**Ps 69:21:** *“En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors, het hulle my asyn laat drink.”*

Psalm 69 se titel in die Ou vertaling is “Die Martelaar”. Hierdie Psalm is deur Dawid geskryf, in die tyd van die opstand van sy seun Absalom. Dit moes vir hom ‘n tyd vol smart gewees het. In hierdie moeilike tyd, het hy naby aan GOD geleef, en in daardie tyd van smart, het GOD hierdie profetiese uitbeelding van die lydensweg en kruisiging van ons verlosser, JESUS CHRISTUS aan hom openbaar .

Ons Bybel is die enigste geestelike boek in die wêreld wat profesieë bevat. Elke profesie is bewaarheid, of sal nog bewaarheid word. Daaruit kan ons sien hoe akkuraat die geskrewe Woord van GOD is.

Dit is vir my ‘n klinkklare bewys dat ons Bybel wel die geskrewe woord van GOD is. Die profesie van Dawid oor die Kruisiging, het honderde jare later, presies so gebeur, met die gebeure op Golgota. Selfs die detail van die asyn wat JESUS gedrink het, het presies so gebeur .

Die profesie van Dawid is dus ook volbring!

Maar dis goed om te gaan nadink hoekom JESUS na die aarde toe gekom het:

Dit vind ons ‘n paar verse vroeër in **Ps 69**, nl.

**vers 9:** *“Want die ywer vir u huis , het my verteer, en die smaadhede, van die wat U smaad, het op my geval.”*

Die woord smaad klink vir ons vreemd, maar dit beteken verag, of neersien op. Die veragting wat sekere mense vir GOD het, het hulle ook vir JESUS. Hier sê ons Here Jesus, deur die mond van koning Dawid, dat die ywer, vir die huis van Sy Vader, nl. die volk van Israel, Hom verteer het. Dit was dus in opdrag van GOD die Vader, wat JESUS na die aarde toe gekom het. Hy moes ‘n taak kom uitvoer, in opdrag van Sy Vader.

Hy moes na die aarde toe kom , om versoening te bewerkstellig tussen GOD die Vader, en die mensdom . Eerstens vir die volk Israel, en daarna, vir die hele mensdom. En Hy het die taak suksesvol afgehandel.

Hy het Sy taak volbring.

Elke keer, het die woord volbring dus verwys na die voltooiing van ‘n opdrag, of die vervulling van ‘n profesie. Maar dis nie die einde nie.

Ons moet ‘n bietjie dieper ingaan op die betekenis van die woord volbring, om werklik te verstaan, wat die Here JESUS bedoel het toe Hy daardie woorde ge-uiter het.

Die woord volbring, is in die tyd van die Bybel in drie situasies gebruik.

Oftewel daar is drie betekenisse geheg aan die woord volbring:

**Betekenis nr 1 van die woord Volbring:**

Hier verwys die woord volbring, na die afskryf van skuld. As iemand skuld aangegaan het, deur geld te leen by die geldskietter, het hy 'n skuldbrief geteken. Dis vergelykbaar met vandag se kontrak, wat jy by die bank teken, as jy daar geld leen. Die skuldbrief het dus uitgespel wat die betrokke bedrag was, en hoe die paaiemente gaan wees.

Maar: die interessante is: as die bedrag volledig terugbetaal was, het die geldskietter die brief vir die skuldenaar teruggegee. Maar óór die skuldbrief het hy in vet letters geskryf: **Volbring!**

Die skuld is betaal!

Die skuld bestaan nie meer nie!

Die Here JESUS het uitgeroep: dit is volbring!

My liewe broer en suster:

Jou skuld is betaal.

Jou skuld bestaan nie meer nie.

Jou skuld, oftewel sondes, is in die see van vergetelheid gegooi!

As GOD jou sondes vergeet het, hoekom tob jy dan nog so daaroor?

Vergeet van jou sondes van die verlede. Soos iemand gesê het: moenie gaan visvang in die see van vergetelheid nie!

Dit is volbring!

Jou sondes bestaan nie meer nie.

Jou sondes is sover van jou verwyder, as wat die Ooste van die Weste is.

Sien julle hoe diep die betekenis is van JESUS se laaste woorde aan die kruis voor HY gesterf het: dit is volbring!

Dit beteken jou skuld is afbetaal.

Dit bestaan nie meer nie!

**Betekenis Nr 2 van die woord Volbring:**

In die tyd van die Bybel is misdadigers ook soms toegesluit. Teen die deur van die sel waarin die oortreder toegesluit is, is die klagstaat en sy vonnis, vasgespyker. Mense wat daar verby gekom het, kon dus die detail sien van die misdaad en die vonnis. As die straf volledig uitgedien is, is die klagstaat met die vonnis daarop, aan die oortreder teruggegee. Maar daar is in vet letters oor geskryf: Volbring!

Dieselfde beginsel werk hier dus as met skuld. Die oortreder is gevonnisd, die misdaad is gestraf, die vonnis is uitgedien. Die oortreder is dus vry van die straf op die misdaad, en dis so goed asof hy nooit die misdaad gepleeg het nie.

Net soos met skuld, is die persoon vry van alle skuld gevoelens oor sy misdaad. As iemand vir hom sou sê : jy is mos 'n moordenaar, kan hy die klagstaat wys en die woorde daarop: dit is volbring. Hy het geboet vir daardie daad en dis nou vergeet. En niemand het die reg om daarna te verwys nie.

Toe JESUS uitgeroep het : Dit is volbring, het Hy ook daarmee gesê, dat die boete vir jou sondes, volledig betaal is. Jy is nie meer 'n sondaar nie, jou boete is betaal .

Die derde betekenis wat ons heg aan die woord volbring, het te doen met oorwinning.

### Betekenis 3 van die woord Volbring:

As daar oorlog was tussen naburige stede of lande, het die geveg dikwels geduur totdat die koning van die vyandelike stad of land gevange geneem is. Die koning wat verloor het, is dan kaal uitgetrek en in kettings gesit. Dan is daar 'n triomftog gehou deur die stad van die oorwinnaars. Die kaal koning en sy soldate is dan geparadeer deur die stad. Die mense het langs die strate gestaan en het hulle soldate toegejuig. Die vyandelike soldate is uitgejou.

Die kaal koning van die vyand, is natuurlik baie bespot en uitgejou en mense het op hom gespoeg, ens.

Maar: wat het die toeskouers langs die pad geskreeu en uitgeroep?

Die kreet van die mense was : **dit is volbring!**

Dit was 'n kreet van oorwinning oor die vyand!

As daar van julle is wat nie weet hoe dit klink as daar gejubel word nie, gaan luister by Loftus as die Bulls gewen het. Dis hoe dit geklink het as die nakende koning 'n kettings verby gekom het.

Ja, JESUS het daar aan die kruis, terwyl Hy sterwende was, 'n kreet uitgeroep van oorwinning oor die vyand, Lucifer. Dis hoekom ek dink dat Hy dit nie met 'n fluisterstem gesê het nie, maar dit uitgeróep het, sodat Sy stem weergalm het oor die heuwels van Jerusalem, moontlik selfs tot in die hiernamaals.

Hy het aan die hele wêreld verkondig dat Hy satan en die bose, oorwin het. Daarna het Hy afgedaal na die hiernamaals, en net die sleutels by satan opge-eis. Satan het geweet dat hy alreeds verslaan was. Hy het net die sleutels aan JESUS oorhandig. Dít is ook die boodskap van JESUS se laaste woorde aan die kruis : lucifer is oorwin.

Ons het niks meer van hom te vrees nie. lucifer kan slegs 'n invloed in ons lewens hê as ons hom toestemming daarvoor gee.

Liewe vriende, dit dan is my boodskap oor JESUS se laaste woorde.

### **Dit is volbring.**

Dit beteken dat die taak voltooi is. Dit beteken dat Sy taak afgehandel is.

Maar: dit geld slegs as jy JESUS as jou Verlosser aangeneem het.

Indien jy vandag tot oortuiging gekom het dat jy 'n sondaar is.....

Indien jy wil hê dat JESUS ook jôu sondeskuld op Hom moet neem.....

Indien jy wil deel hê aan die oorwinning van Jesus.....

Indien jy JESUS wil aanneem as jou persoonlike Verlosser, is dit nou jou geleentheid. Moenie dat hierdie geleentheid verby gaan nie. Steek asb jou hand op om daarmee aan te dui dat jy daardie stap wil neem.

Moenie skaam wees nie. Die meeste van ons hier het dit al gedoen en is vir ewig dankbaar daarvoor.

Dit is skriftuurlik om dit te doen, want JESUS het gesê, dat as jy Sy naam voor mense bely,

Hy jónu naam sal bely voor Sy Vader!